



VOORKOMING EN BEHEER VAN BEK- EN KLOUSEER

Gereelde vrae en antwoorde

1. Wat is bek-en-klouseeer?

- Bek-en-klouseeer (MKZ) is 'n ernstige, hoogs aansteeklike virussiekte van vee wat 'n beduidende ekonomiese impak het. Die siekte raak beeste, varke, skape, bokke en ander gesplete hoof herkouters. Die virus kom voor in alle liggaamsvloei-stowwe, soos speeksel, urine, ontlasting, melk en in die lug wat siek diere uitasem.
- Diere kry hierdie siekte wanneer hulle eet of die virus van hierdie liggaamsvloei-stowwe inasem.
- Mense kan ook die virus versprei deur besmette klere, skoene, hande en motorbande.



2. Wat is die tekens?

- Blase en sere in die mond (tandvleis, lippe en tong) is rou en pynlik, wat dit moeilik maak vir die diere om te eet, en veroorsaak dikwels kwyl.
- Blase en sere tussen die tone en waar die hoewe by die vel aansluit, kan veroorsaak dat die diere mank is en nie wil rondloop nie.
- Koeie kan sere op hul spene ontwikkel. Dit lei tot 'n skielike daling in melkproduksie.



3. Waarom is bek-en-klouseeer belangrik?

- Boere ly finansiële verliese omdat siek diere gewig verloor, nie groei nie en minder melk produseer. Jong kalwers kan vrek.
- Groot bedrae geld word spandeer om die siekte in toom te hou.
- Lande wat nie die siekte het nie, sal nie diere, vleis of vleisprodukte van Suid-Afrika koop wanneer die siekte versprei nie.

4. Wat om te doen in vermeende gevalle?

- Indien enige tekens van bek-en-klouseeer waargeneem word, skakel dadelik jou naaste Staatsveearts.
- Bek-en-klouseeer-siekte of vermeende diere word verbied om in 'n abattoir opgeneem of geslag te word.
- Indien die siekte by 'n nadoodse ondersoek vermoed word, moet die karkas en ingewande hanteer word soos deur die Staatsveearts voorgeskryf.
- Die vertrek en al die toerusting moet met asynsuur ontsmet word om die verspreiding van die virus in die abattoir te voorkom.

5. Hoe om bek-en-klouseeer aan te meld?

- Vir meer inligting en om vermoedelike gevalle van bek-en-klouseeer aan te meld, kontak asseblief jou naaste Wes-Kaapse Departement van Landbou Staatsveeartskantoor, geleë regoor die Wes-Kaap. Sien kontakbesonderhede hieronder:



KONTAKBESONDERHEDE:

TITEL	KONTAK NR	E-POS	ADRES
Staatsveearts: George	044-803-3771/0	SVGeorge@ westerncape.gov.za	4 Varing Avenue, George
Staatsveearts: Boland	021-808-5028/ 5253	SVBoland@ westerncape.gov.za	Western Cape Department of Agriculture building, Muldersvlei road, Elsenburg
Staatsveearts: Swellendam	021-808-5059/ 028-425-4850	DOA.svswellendam@ westerncape.gov.za	67 Voortrekker St, Swellendam
Staatsveearts: Beaufort West	023-414-9220/1	DOA.svbeaufortwest@ westerncape.gov.za	Blyth St, Beaufort West
Staatsveearts: Vredendal	027-201-3514/-0	DOA.svvredendal@ westerncape.gov.za	Cnr Matzikama and Noord St. Vredendal
Staatsveearts: Malmesbury	022-433-8915/0	DOA.svmalmesbury@ westerncape.gov.za	Cnr Spoorweg and Munisipale St, Malmesbury
Staatsveearts: Oudtshoorn	044-203-9443/5	DOA.svoudtshoorn@ westerncape.gov.za	43 Van Der Riet St, Oudtshoorn
Staatsveearts: Worcester	021-808-5052	DOA.svworcester@ westerncape.gov.za	30 Van Arckel St, Worcester

